# 6. ENKELE BOUMEESTERS VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM

Aan 'n skool wat reeds vir 75 jaar lank as eksponent van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel bekend is, moes ongetwyfeld 'n aantal besondere onderwysmense verbonde gewees het wat vir die "bouwerk" verantwoordelik was. Potchefstroom Gimnasium het oor die dienste van uitstaande mense beskik. Die bydraes van 'n aantal persoonlikhede tot en hulle invloed en inspraak op die skool se stigting, vestiging en ontwikkeling word kortliks in hierdie hoofstuk uitgelig onder die kategorieë STIGTERS, SKOOLHOOFDE en ONDERWYSERS.

## 6.1 STIGTERS VAN DIE VOORBEREIDENDE SKOOL EN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM

Die stigters van die Voorbereidende Skool op Potchefstroom word uitgelig omdat hulle 'n vry Christelike Skool in 1907 gestig het om aan 'n behoefte en noodsaaklikheid vir Christelike opvoedende onderwys te voldoen. Die stigtingsdaad was gedoen uit geloof, oortuiging en die nastrewing van die Christelik-nasionale onderwysideaal, waardeur die gees en rigting van die skool bepaal is. Die stigters was vir baie jare lede van die skoolkomitee (1907-1920) en beheerraad (1921-1950) wat oor die vestiging en ontwikkeling van die skool toesig gehou het.

Die stigters van die Voorbereidende Skool was proff J Lion-Cachet, F Postma, J D du Toit, A P C Duvenage en J Kamp.[1)]

---

1) *Hoofstuk 4*, p 108.

### 6.1.1 Prof J Lion-Cachet

Jan Lion-Cachet (plaat 6.1) is op 29 November 1838 in Amsterdam, Nederland gebore. Sy ouers was Jode wat tot die Christendom bekeer geraak het. Hy is in die Nederlandse Hervormde Kerk gedoop en het sy skoolopleiding van Da Costa ontvang. In 1857 het hy sy onderwyserseksamen afgelê en gedurende sy eerste onderwysjare Godsdiensonderwys gegee.

In Januarie 1861 het hy na Suid-Afrika geëmigreer en aanvanklik onderwys aan die "Tot Nut"-privaatskool en N G Kerkskool in Kaapstad gegee. Hierna het hy in Ladysmith, waar sy broer predikant in die N G Kerk was, onderwys gegee. In 1865 het hy by ds Dirk Postma in Rustenburg aangesluit waar hy lidmaat van die Gereformeerde Kerk geword het en as predikant opgelei is.[2)] Jan Lion-Cachet het as bedienaar van die Woord te Rustenburg (1868), Burgersdorp (1869-1875), Philipstown (1875-1883) en Steynsburg (1884-1893) opgetree.


Vanaf 1894 was hy voltydse professor aan die Teologiese Skool te Burgersdorp. Met die oorplasing van die Teologiese Skool na Potchefstroom in 1905 het hy ook na Potchefstroom verhuis. Hy het in 1911 geëmiriteer en is op 21 September 1912 oorlede.[3)]

Prof J Lion-Cachet was 'n vurige Calvinis en "as oud-onderwyser 'n warme voorstander van vrye Christelike onderwys."[4)] Hy was 'n kragtige stryder vir die Afrikanervolk en Afrikaanse taal en medestigter van die Afrikanerbond in die Kaapkolonie. Sy betrokkenheid by die Christelik-nasionale Onderwysbeweging van die Afrikanervolk word weerspieël in

---

2) Jooste, J P *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959*, pp 268-269.
3) Van der Vyver, G C P *My erfenis is vir my mooi*, p 120.
4) Jooste, *op.cit.*, p 269.

PLAAT 6.1 J LION-CHACHET[5)]



sy eie woorde naamlik "ek ben Afrikaner geworden". Hy het self heftig teen die Smutsonderwyswet beswaar gemaak met sy duidelike standpunt van "niet om te twisten, maar om des gewetens wil" en 'n vurige pleidooi vir Christelik-nasionale onderwys (in plaas van neutrale en liberale staatsonderwys) gelewer.[6)]

Teen dié agtergrond was hy saam met sy jonger kollegas en oud-studente, medestigter van die Voorbereidende Skool in 1907 en as senior professor aan die Teologiese Skool het hy 'n besonder bepalende invloed op die gees en rigting van die Voorbereidende Skool uitgeoefen.

### 6.1.2 Prof F Postma

Ferdinand Postma (plaat 6.2) is op 15 Julie 1875 te Aliwal-Noord gebore. Sy vader was ds Marthinus Postma en sy grootvader prof Dirk Postma (die eerste predikant van die

---

5) Potchefstroom Gimnasium. *Potchefstroom Gimnasium 1907-1982* (Feesuitgawe), p 155.
6) Soos aangehaal deur Van der Vyver, *loc.cit.*

Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en stigter van die eerste twee CNO-skole).[7] F Postma het in 'n streng Calvinistiese huis grootgeword waar die liefde vir volk en taal by hom ingeskerp is.

F Postma het sy skoolopleiding onderskeidelik aan die Publieke Skool en Vrye Christelike Skool op Burgersdorp ontvang waarna hy in 1896 die matrikulasie-eksamen aan die eertydse Gereformeerde Teologiese Skool geslaag het.[8] Hy het aan die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop studeer, maar dié studie is deur die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) onderbreek.

Hy is na Johannesburg waar sy vader predikant was en het lid van die Heidelbergse Kommando geword. Na afloop van die oorlog het hy sy studie aan die Vrye Universiteit van Amsterdam (saam met J D du Toit) voortgesit met die doel om predikant te word. Aan die Vrye Universiteit van Amsterdam is F Postma (en J D du Toit) so besiel met die ideaal van 'n eie vrye Universiteit in Suid-Afrika, dat hy sy studierigting verander en hom in die Klassieke Tale bekwaam het. By sy terugkeer in 1904 het hy professor geword in die Literariese Departement van die Teologiese Skool op Burgersdorp. In 1905 het hy na Potchefstroom verhuis toe die Teologiese Skool daarheen oorgeplaas is.[9]

Teen die einde van 1906 het F Postma saam met drie kollegas, J Lion-Cachet, A P C Duvenage en J Kamp en sy studente-vriend J D du Toit - toe predikant op Potchefstroom -.besluit om die enkele leerlinge wat reeds aan die Lite-

---

7) *Hoofstuk 2*, p 35.
8) Van der Vyver, *op.cit.*, p 233.
9) *Ibid.*, p 234.

PLAAT 6.2 F POSTMA[10]



rariese Departement van die Teologiese Skool verbonde was, in 'n selfstandige skool saam te snoer en uit te brei. Sō is die Voorbereidende Skool in die begin van 1907 as Vrye Christelike Skool gestig. In hierdie skool kon leerlinge vir verdere akademiese opleiding voorberei word, in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel. Na die stigting van die Voorbereidende Skool het F Postma die vakke Latyn, Grieks en Engels aan die leerlinge onderrig. Toe die Voorbereidende Skool in 1915 staatskool geword het, het hy die naam *Gimnasium* daarvoor voorgestel.[11]

Van 1914 af was hy ononderbroke lid van die skoolkomitee waarvan hy van 1918 af voorsitter was. Van 1921 af was hy

10) *Ibid.*, p 135.
11) *Hoofstuk 4*, p 120.

ononderbroke lid van die beheerraad (wat die skoolkomitee vervang het). Van 1924 tot 1950 was hy ononderbroke voorsitter van die beheerraad. Dit was die langste tydperk (sover bekend) wat enige voorsitter van 'n beheerraad nog gedien het. F Postma was van die stigting van die skool tot met sy uittrede, dit wil sê vir 44 jaar aan Potchefstroom Gimnasium verbonde.[12].

In 1914 het hy sy doktorsgraad met die proefskrif, getiteld "Die Godsbegrip van Vergillis", behaal. Hy was mede-stigter van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en rektor van 1921 tot 1950.

F Postma het as innige Christengelowige mens, in sy diepe afhanklikheid van God en dienslewering aan sy medemens, oor die jare wat hy aan Potchefstroom Gimnasium in 'n leidende en beherende hoedanigheid verbonde was, die duidelike stempel van die Calvinisme afgedruk. Hy het in stilte en op 'n beskeie wyse die eerste twee hoofde, naamlik J J A Coetsee (wat met sy suster getroud was) en W de K Kruger en die meeste onderwysers, gelei, geinspireer en in hul opvoedende onderwystaak onderskraag.

Die onvoorwaardelike Christelik-nasionale gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium kan grootliks aan F Postma toegeskryf word. "Reg besien, was professor Postma die man van één taak. As Skolarg van Potchefstroom sal hy onder ons bekend staan. Inderdaad was hy dit vóór alles."[13]

Prof F Postma is op 4 November 1950 oorlede.

---

12) Kyk *bylae A*.
13) Du Toit, J D In memoriam. *In* Van der Vyver, *op.cit.*, p 242.

### 6.1.3 Prof J D du Toit (Totius)

Jacob Daniël du Toit (plaat 6.3) is op 21 Februarie 1877 in die Paarl gebore. Sy vader was ds S J du Toit wat predikant, redakteur van *Di Patriot*, medestigter van die Afrikanerbond en later Superintendent van Onderwys in die ZAR (1881-1891) was.[14]

J D du Toit het sy eerste skoolopleiding aan 'n Duitse skool naby Rustenburg (Kroondal) en in Pretoria ontvang. Hy het aan die Hugenote-Gedenkskool in die Paarl gematrikuleer. Gedurende sy skooljare het hy onder die invloed van sy vader se lewensleuse "Ons staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land" groot geword.[15]

Vanaf 1896 het hy aan die Teologiese Skool te Burgersdorp studeer en tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) as veldprediker in Transvaal opgetree. Na afloop van die oorlog het hy sy studie aan die Vrye Universiteit van Amsterdam (saam met F Postma) voortgesit en aan die einde van 1903 gepromoveer. By sy terugkeer in Suid-Afrika het hy hom op Potchefstroom as predikant van die plaaslike Gereformeerde Kerk gevestig en gedurende die oorplasing van die Teologiese Skool in 1905 vanaf Burgersdorp na Potchefstroom 'n prominente rol gespeel.

In 1911 het J D du Toit professor aan die Teologiese Skool geword. Nadat hy in 1949 geëmeriteer het, het hy ere-professor en vanaf 1951 die eerste kanselier van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys geword. Hy het as kerkman, volksman, onderwysman, digter en Bybelvertaler tydens verskeie volksfeeste opgetree. Só het hy byvoorbeeld tydens die hoeksteenlegging van die Voor-

---

14) *Hoofstuk 2*, pp 38-40.
15) Du Toit, J D Ds S J du Toit, 9 Oktober 1847-1947. *In* Venter, H (red) *Totius Versamelde Werke* 8, p 408.

trekkermonument in Desember 1938 die hoofdiens waargeneem en tydens die Afrikanersaamtrek van September 1939 op Monumentkoppie die gelofte aan die 80 000 volksgenote voorgelees. As erkenning vir sy besondere akademiese kwaliteite en onbaatsugtige dienste het hy ses verskillende ere-doktorsgrade ontvang.[16)]

PLAAT 6.3 J D DU TOIT[17)]



16) Van der Vyver, *op.cit.*, pp 181-182.
17) Gereformeerde Kerk. *Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959*, p 378.

J D du Toit het vandat hy as predikant in die begin van 1904 op Potchefstroom begin arbei het, hom sterk beywer vir Christelik-nasionale onderwys. Hy was gedurende die jare 1904-1906 só gemoeid met die CNO-skole dat hy as vrywillige inspekteur die CNO-skole in die Potchefstroomse distrik per trapfiets besoek het.[18)]

Die diepgewortelde patriotisme en Calvinistiese lewensbeskouing het aan hom die dryfkrag gegee om gedurende die jare 1905 en 1906 sy geloofsgenote aan die Teologiese Skool te oortuig van die noodsaaklikheid van die stigting van 'n eie vrye Christelike skool. Sy aandeel in die stigting van die Voorbereidende Skool in 1907 was besonder prominent. Deur sy ywer het die Gereformeerde gemeente van Potchefstroom jaarliks die grootste finansiële bydrae tot die onderhoud van die skool gemaak.[19)]

"En Totius sou saam met sy makkers die stryd vir hierdie skool veral op twee fronte veg: die stryd onder die Afrikaanse volk vir die gereformeerde beginsel en om in daardie tyd onder die armoede die middele te vind, of om dit anders te stel, die stryd vir hierdie skool was 'n geestelike en 'n stoflike stryd."[20)] J D du Toit het hom vir baie jare beywer vir die daarstelling van 'n model Christelik-nasionale skool. Hy het onder andere gesê: "O, hoe bitter sal die ontnugtering wees, ten minste. Solank hulle hul heil verwag van 'n skool wat van sy sentrum losgeruk is. Geen utilisme, geen modefilosofie of modeteorie nie, maar alleen *geregtigheid* kan 'n volk verhef."[21)]

---

18) *Hoofstuk 3*, pp 99-100.
19) *Hoofstuk 4*, pp 111-112.
20) d'Assonville, V E Ons bring hulde: Totius en die Hoërskool Gimnasium. *In* Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1977, p 6.
21) Venter, *op.cit.*, p 29.

"Van 1911-1924 het Totius en sy gesin tussen die twee skole gewoon - die Teologiese Skool aan die Suidekant en die Voorbereidende (Gimnasium) Skool aan die Noordekant. Wie het ooit daaraan gedink - die Gimnasium was as't ware op sy werf".[22] Al vier Totius se kinders,[23] naamlik Fanus (later professor in Teologie), Japie (later medikus), Dirk en Bettie was leerlinge van Potchefstroom Gimnasium.

J D du Toit het van 1907 af op die skoolkomitee van die Kuratore gedien. Van 1914 tot 1918 was hy voorsitter van die skoolkomitee en van 1921 af lid van die beheerraad. In 1924 het hy as gevolg van sy betrokkenheid as Bybelvertaler as lid van die beheerraad uitgetree. Hy was dus vir 18 jaar aktief by die skool betrokke en het besonder noue kontak met die leerlinge en onderwysers gehad. Deur hierdie kontak het hy 'n besondere invloed op die gees en rigting van die skool uitgeoefen. J D du Toit was ook vir die oorsprong van die skoolleuse van Potchefstroom Gimnasium verantwoordelik.[24]

J D du Toit is op 1 Julie 1953 oorlede.

6.1.4 Prof A P C Duvenage

Abraham Petrus Carolus Duvenage (plaat 6.4) is op 19 Maart 1883 te Middelburg, Kaapprovinsie gebore. Hy het op Middelburg gematrikuleer, daarna aan die Literariese Departement van die Teologiese Skool op Burgersdorp studeer en in 1905 die BA-graad aan die Suid-Afrikaanse Kollege in Kaapstad verwerf. Van die begin van 1906 af het hy

---

22) d'Assonville, *loc.cit.*
23) Die twee ander kinders, naamlik Francois is klein oorlede en Wilhelmina is as st. 5 leerling deur die weerlig gedood (1920).
24) *Hoofstuk* 5, p 170.

professor aan die Teologiese Skool op Potchefstroom geword, waar hy Wiskunde en Natuurwetenskap in die Literariese Departement doseer het. In 1920 het hy 'n MA-graad in Wis-

PLAAT 6.4 A P C DUVENAGE[25)]



kunde verwerf. A P C Duvenage word as die grondlegger van die fakulteit Wiskunde en Natuurkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys beskou.[26)]

As vurige voorstander van Christelik-nasionale onderwys het hy as medestigter van die Voorbereidende Skool opgetree en vir baie jare die vakke Wiskunde en Natuurwetenskap aan die leerlinge onderrig. In 1906 het hy die Theos-rugbyklub aan die Teologiese Skool gestig. Die leerlinge van

---

25) Van der Vyver, *op.cit.*, p 114.
26) *Loc.cit.*

die Voorbereidende Skool en Potchefstroom Gimnasium het tot en met 1922 saam met die studente in dieselfde rugbyspanne gespeel.[27)]

A P C Duvenage was ook ononderbroke lid van die skoolkomitee en beheerraad van Potchefstroom Gimnasium tot in 1923.[28)] Hy het die beoefening van die Christelike wetenskap gevestig en deur die besonder intieme kontak met die leerlinge in die klaskamer, op die sportveld en in die koshuis, 'n bepalende invloed op die gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium uitgeoefen.

Hy is op 7 Mei 1923 in die jeugdige ouderdom van 40 jaar oorlede.

### 6.1.5 Prof J Kamp


Jan Kamp (plaat 6.5) is in 1861 in Nederland gebore. Hy het in 1898 as gekwalifiseerde onderwyser om gesondheidsredes na Suid-Afrika geëmigreer. Na sy aankoms in Suid-Afrika het hy gedurende en onmiddellik na die Anglo-Boereoorlog (1899-1904) te Rustenburg en Nigel onderwys gegee. In die begin van 1905 het hy dosent in Nederlands aan die Literariese Departement van die Teologiese Skool op Potchefstroom geword en in 1912 is hy bevorder tot professor.

As student van dr A Kuyper was J Kamp 'n vurige ondersteuner van Christelik-nasionale onderwys. Hy het veral die standpunt "dat die skool aan die ouers behoort", beklemtoon. "As innige gelowige en stoere Calvinis het hy steeds vaste koers en rigting aangedui. As onderwysman was hy 'n vurige vegter vir CNO."[29)]

---

27) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1907-1957 (Gedenkuitgawe) p 60.
28) *Hoofstuk 4*, pp 113-136.
29) Van der Vyver, *op.cit.*, p 131.

PLAAT 6.5 J KAMP[30)]



Jan Kamp was in 1907 'n medestigter van die Voorbereidende Skool. Hy het vir baie jare die Nederlandse Taal en Letterkunde aan die leerlinge onderrig, was tot 1915 lid van die skoolkomitee (ook as sekretaris) en vanaf 1921 lid van die beheerraad van Potchefstroom Gimnasium.[31)] Hy het op 'n heel beskeie wyse 'n besondere invloed op die gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium uitgeoefen en was tot en met sy dood in 1924, in noue kontak met die skool.

## 6.2 SKOOLHOOFDE VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM

Christelik-nasionale onderwys en Christelik-nasionale skole het deur al die jare besondere eise aan die hoof as persoon en die wyse waarop hy sy taak moes uitvoer, gestel. Om dié rede word daar vooraf enkele algemene gedagtes uitgespreek oor die skoolhoof en Christelik-nasionale onderwys voordat die individuele skoolhoofde van Potchefstroom Gimnasium behandel word.

---

30) Van der Vyver, *Loc.cit.*
31) *Hoofstuk 4*, pp 113-136.

### 6.2.1 Die skoolhoof en Christelik-nasionale onderwys - 'n algemene oënskou

Gedurende die tweede helfte van die 19e eeu en die eerste kwart van die 20e eeu was die professionele posisie van die skoolhoof gering en sy opvoedingstaak in omvang relatief beperk. Die skoolhoof was voortdurend deur die staat, skoolkomitee en kerk aan voorskrifte onderwerp. Die hoof was aanvanklik hoofsaaklik vir die onderrig verantwoordelik. Gedurende die huiduige eeu het daar 'n klemverskuiwing in die onderwys plaasgevind. Die opvoedende komponent het in 'n toenemende mate die professionele taak van die skoolhoof geword. Die klem is van die onderrigkomponent na dié van leidinggewing verskuif.[32)]

Die hoof van die Afrikaanse skool kan (veral gedurende die afgelope 50 jaar) op konstruktiewe leidinggewing aanspraak maak en hy kan sy taak in 'n groter mate vanuit sy roepingsperspektief betrag en verrig. Hy kan op 'n positiewe wyse in sy skool gestalte gee aan 'n lewenshouding wat gegrond is op 'n Christelik-nasionale lewensbeskouing. In die volledige Christelike skool moet daar nie alleen 'n Christelike gesindheid wees nie, maar veral die verwerwing van insig in die leerinhoud in die lig van die Bybel.

Dit is in 'n al groter mate die taak van die skoolhoof om eerstens toe te sien dat die Christelik-nasionale onderwysbeginsels in die kurrikulêre program van die skool uitgelewe word. Dit is die skoolhoof se taak om sy personeel te selekteer en in diens te ontwikkel om aan dié vereiste te voldoen.

---

32) Potgieter, D G *Die roeping, taak en opleiding van die hoof van die Christelik-Afrikaanse skool*, p 321.

Die hoof moet tweedens toesien dat die volle persoonlikheid van elke leerling ontwikkel word - en dié ontwikkeling moet Godgerig wees.

Die hoof moet derdens doeltreffende kommunikasiekanale tussen huis en skool en kerk en skool soek en die nodige wisselwerking laat plaasvind. "Hy moet die beginsels wat die handelinge en verhoudinge van individue in groepe onderlê as Godgegewe instrument" gebruik om sy taak te verrig en so sy doel suksesvol te bereik.[33)]

Met dié voorafgaande vereistes wat aan skoolhoofde van Christelik-nasionale skole gestel word, word hierna aangetoon in watter mate die skoolhoofde van Potchefstroom Gimnasium boumeesters van dié besondere skool was.

### 6.2.2 J J A Coetsee

J J (Ad) Coetsee (plaat 6.6) is op 30 Oktober 1884 in die distrik van Middelburg, Kaapprovinsie gebore. Hy was lidmaat van die Gereformeerde Kerk en het sy opvoedende onderwys aan die Gereformeerde Teologiese Skool op Burgersdorp ontvang. Tydens sy studiejare op Burgersdorp het hy kennis gemaak met prof J Lion-Cachet en ds W J de Klerk. Twee van sy mede-studente was F Postma en J D du Toit. Dit was almal persone wat later op Potchefstroom 'n besondere invloed op hom en sy onderwysloopbaan sou uitoefen.[34)]

In sy eerste onderwysjaar in 1907 was hy hoof van die Vrye Christelike Skool op Burgersdorp en gedurende die eerste

---

33) *Ibid.*, p 324.
34) Coetzee, J V *Oom Ad en tant Kitty Coetsee*, p 1.

ses maande van 1908 assistent-onderwyser aan die Albert Academy, ook op Burgersdorp. Nadat hy sy intermediêre onderwysdiploma verwerf het, het Ad Coetsee op 15 Julie 1908 as enigste onderwyser en hoof van die Voorbereidende Skool op Potchefstroom sy lang onderwysloopbaan aan en verbintenis met Potchefstroom Gimnasium begin.

PLAAT 6.6 J J A COETSEE[35)]



Die persoon wat hom die meeste gelei, beïnvloed en geïnspireer het, was ongetwyfeld prof F Postma.[36)] Ad Coetsee was 'n beskeie mens wat alle take versigtig aangepak en nooit tou opgegooi het nie. Hy het gedurende sy loopbaan hard gewerk en dikwels meer as sy deel gedoen deur gelyktydig hoof en vakonderwyser te wees.[37)]

Ad Coetsee was 'n idealis. As bewys hiervoor dien daarop gewys te word dat hy 'n permanente onderwyspos aan 'n gevestigde skool (met goeie pensioen - en diensvoorwaardes) verruil het vir 'n klein beginner-skooltjie met 12 leerlinge,

---

35) *Hoofstuk 4*, p 110.
36) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1933, p 23.
37) *Hoofstuk 4*, p 135.

saamgehok in 'n ontoereikende biblioteeklokaal, teen 'n karige salaris van R20 per maand (sonder pensioen). Verder moes hy ook nog help om die fondse vir sy salaris te in.[38] Die Voorbereidende Skool waarvan hy die hoofskap aanvaar het, was verder een van die weinige CNO-skole wat nog met Christelik-nasionale onderwys voortgegaan het.

Dit was egter vir Ad Coetsee 'n lewenstaak om opvoedende onderwys ooreenkomstig die Christelik-nasionale onderwysbeginsel te gee en daarom kan hy ongetwyfeld as die grondlegger van die Christelik-nasionale gees en rigting van die Voorbereidende Skool en Potchefstroom Gimnasium beskou word. Die skool het onder sy hoofskap en bekwame leiding tot so 'n mate ontwikkel en groter finansiële eise gestel, dat dit in 1915 'n staatskool geword het. Ad Coetsee was by uitstek dié persoon wat die meeste daartoe bygedra het dat Potchefstroom Gimnasium as staatskool sy Christelik-nasionale karakter behou het. "Hy het sy stempel van verdraagsaamheid, stille leiding en algemene menslikheid op sy personeel en leerlinge afgedruk. Hy het hom veral beywer vir die karaktervorming van die jeug op Christelik-nasionale grondslag en het ook veel vrug van sy arbeid gesien in die belangrike plekke in die samelewing wat baie van sy oud-leerlinge beklee".[39]

Die vrug van sy arbeid was dat van sy leerlinge onder andere drie ministers, die eggenote van 'n eerste minister, talle professore, predikante, onderwysers, vele ander professionele beroepsbeoefenaars, vooraanstaande sakelui en boere, asook sporthelde en kultuurbouers van die Afrikanervolk geword het. Die Christelike Opvoedkundevereniging

---

38) Coetzee, J V *Oom Ad en tant Kitty Coetsee*, p 3.
39) Coetzee, J V Mnr J J A Coetsee. *In* Potchefstroom Gimnasium. *Potchefstroom Gimnasium 1907-1982* (Feesuitgawe), p 131.

het hom vereer en bekroon met 'n erelidmaatskap.[40]

In hierdie grootse taak is Ad Coetsee geestelik en moreel onderskraag deur sy eggenote, Kitty, 'n suster van prof F Postma. "Sonder haar sou hy nooit soveel bereik het nie - 'n staalboog uit die Postma geslag...".[41]

Ad Coetsee se grootheid is seker die beste bewys toe hy in 1938, op versoek van die TOD, van sy hoofskap afstand moes doen omdat sy kwalifikasies ontoereikend was toe die skool hergradeer is. Hy het dié teleurstelling te bowe gekom en vir nog 5 jaar as assistentonderwyser aan Potchefstroom Gimnasium onderwys gegee. Na sy finale aftrede in 1943 het hy en Kitty huisouers van die Kruger Kindertehuis in Johannesburg-Suid geword. Ook hier het hy met onderskeiding gearbei en tot 1949 besondere opvoedingswerk verrig - sodat die nuwe en moderner tehuis na hom vernoem is, naamlik die Adrian Coetsee tehuis.

Ad Coetsee het sy laaste lewensjare op Potchefstroom in stille afsondering deurgebring en kon in 1957 die halfeeufees van Potchefstroom Gimnasium herdenk. Hy is later Pretoria toe waar hy op 23 April 1973 in die geseënde ouderdom van 88 jaar oorlede is.[42]

6.2.3 W de K Kruger

Willem de K Kruger (plaat 6.7) is op 28 Januarie 1900 in die Steynsburgse distrik gebore. Hy was lidmaat van die Gereformeerde Kerk en het in 1917 aan die Steynsburgse Gimnasium gematrikuleer. In 1918 het hy sy studies aan

---

40) Coetzee, J V *Oom Ad en tant Kitty Coetsee*, p 3.
41) *Loc.cit.*
42) *Loc.cit.*

die Literariese Departement van die Teologiese Skool op Potchefstroom begin. In 1919 was hy een van die eerste studente aan die pasgestigte Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys waar hy sy BA en UOD verwerf het.

As student het hy kennis gemaak met proff F Postma, J D du Toit, A P C Duvenage en J Kamp - die stigters van Potchefstroom Gimnasium.

PLAAT 6.7 W DE K KRUGER[43)]



In 1922 het hy sy onderwysloopbaan as Afrikaanse onderwyser aan die nuut gestigte Potchefstroom Hoër Volkskool begin. Hy het met deeltydse studie die grade MA en M Ed verwerf.

---

43) Potchefstroom Gimnasium. *Potchefstroom Gimnasium 1907-1982* (Feesuitgawe), p 130. (Kyk ook *hoofstuk 4*, p 145.)

Op 2 Augustus 1938 het Willem Kruger die tweede permanente hoof van Potchefstroom Gimnasium geword. Hy het 'n onuitwisbare stempel op dié skool afgedruk en dit verder uitgebou.[44] Hy het die hoofskap onder moeilike omstandighede begin, aangesien

* die gemeenskap en skool erg geskok en teleurgesteld was oor die wyse waarop sy voorganger se hoofskap deur die TOD beëindig is,
* J J A Coetsee (sy voorganger) vir nog 5 jaar as onderwyser aangebly het,
* daar enkele personeellede in ervaring en kwalifikasies sy senior was en self vir die hoofpos geaspireer het en
* die skool ernstige akkommodasie- en terreinprobleme gehad het.

Willem Kruger het egter met besonder taktvolle, kollegiale optrede en deeglike organisasie die onderwyspersoneel, leerlinge en ouers met hom laat saamwerk. Daar is voortgegaan met opvoedende onderwys wat aan die vereistes van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel voldoen het. "Ek onthou mnr Kruger as 'n onverskrokke, doelgerigte mens, wat presies geweet het wat hy wou - dinamies, vasbeslote, haastig van geaardheid..."[45] Verder het sy gesonde sin vir humor van hom een van die mees beminde skoolhoofde in die land gemaak. Sy voorliefde vir en kennis van die letterkunde (Afrikaans en Engels) het hom eweneens in 'n leidende posisie geplaas.

---

44) *Hoofstuk 4*, p 144.
45) Lohann, A Mnr W de K Kruger. In Potchefstroom Gimnasium. *Potchefstroom Gimnasium 1907-1982* (Feesuitgawe), p 132.

Willem Kruger het 'n persoonlike belangstelling in die vordering en prestasie van elke leerlinge gehad. Teen die agtergrond van sy intellektuele vermoëns, atmosfeer van toenadering en vriendskap, benutting van die biblioteek, kultuur- en sportaktiwiteite het hy 'n vertrouensverhouding tussen hom en sy leerlinge en hul ouers geskep. Hierdeur is sy streng dissipline (soms ongenaakbaar), aandrang op netjiese en korrekte skooldrag en koersvastheid, spontaan aanvaar en het dit grootliks bygedra tot doeltreffende opvoedende onderwys en karaktervorming.

Ten opsigte van die beperkte akkommodasie het hy geen steen onaangeroer gelaat in sy ywer en pogings om groter grond en geboue te verkry nie. Toe die skoolraad nie wou instem om 'n nuwe skoolterrein aan te koop nie, het hy 'n petisie opgestel, deur 60% van die ouers laat onderteken en dit na die Transvaalse Onderwysdepartement in Pretoria gestuur. Die resultaat was die aanstelling van 'n Kommissie van Ondersoek en die uiteindelike aankoop van die uitspannings-terrein (die huidige skoolterrein) waarop 'n nuwe skoolgebou in 1947 in gebruik geneem is.[46)]

Op die nuwe skoolterrein het Willem Kruger hom letterlik en figuurlik ingegrawe en met oorgawe en entoesiasme die terrein uitgelê. Deur sy leiding, dissipline, idealisme en werkvermoë het die leerlingtal bly toeneem. Verdere aanbouings het plaasgevind en die akademiese vordering en prestasies van die leerlinge het jaar na jaar uitstekend gebly. Sy sukses in en met die skool het hom gewild in die samelewing gemaak. Hy was onder andere vir 10 jaar lid van die Stadsraad en twee keer Burgemeester.

---

46) Coetzee, J V *Mnr W de K Kruger*, pp 4-6.

Aan Willem Kruger se sy was sy eggenote - Matty. Saam met hom het sy vir baie jare die veeleisende koshuislewe verduur, die skool help bou en gewaak oor die wel en weë van hul eie gesin. Daarby het sy voldoen aan die eise van die kerklike, sosiale en maatskaplike lewe.[47)]

Aan die einde van 1965 het Willem Kruger, na net meer as 27 jaar as hoof van Potchefstroom Gimnasium en 'n roemryke onderwysloopbaan van dienslewering en Christelik-nasionale opvoedende onderwys, afgetree. Sy welverdiende ruskans was ongelukkig kort, want aan die einde van 1967 is hy oorlede.

"Vir my was Gimnasium mnr Kruger en so was mnr Kruger Gimnasium. Met die kostelike mev Kruger aan sy sy, was die Krugers begeesterende mense met wie jy kon verskil maar vir wie jy nie net agting nie, maar ook liefde gehad het - mense wat bly voortleef in die herinneringe van ons wat die voorreg gehad het om nou saam met hulle te gewerk het."[48)]

6.2.4 A J Combrinck

Andries Johannes Combrinck (plaat 6.8) is op 13 September 1914 gebore. Hy was lidmaat van die Gereformeerde Kerk, het op Fauresmith gematrikuleer en aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Universiteit van Pretoria studeer. Nadat hy hom as onderwyser bekwaam het, het hy onderwys gegee aan die Laerskool Mooirivier, 'n aantal Randse primêre skole en die Laerskool Potgietersrus. Hy was vervolgens hoof van die Hoërskool

---

47) *Ibid.*, p 7.
48) Lohann, *op.cit.*, p 133.

Ben Viljoen, Groblersdal (1954-1961) en Hoërskool Dr Malan, Meyerton (1962-1965). Aan die begin van 1966 het A J Combrinck die derde permanente hoof van Potchefstroom Gimnasium geword.[49)]

PLAAT 6.8 A J COMBRINCK[50)]



Omdat hy 'n ervare skoolhoof en erkende opvoedkundige was, het Potchefstroom Gimnasium in 1967 een van 20 projekskole geword waar leerlinge vir 'n aantal jare die interne matrikulasie-eksamen afgelê het. Gedurende die tydperk (1967-1974) is onder sy bekwame leiding besonder hoë akademiese standaarde ten opsigte van metodiek, inhoud en eksaminering gehandhaaf. As musiekkenner en -liefhebber het hy die musiekstudierigting by die skoolkurrikulum bygevoeg en die grondslag vir 'n besonder suksesvolle

---

49) Henning, J S M en Hattingh, J J Mnr A J Combrinck. *In* Potchefstroom Gimnasium. *Potchefstroom Gimnasium 1907-1982* (Feesuitgawe), p 133.

50) Potchefstroom Gimnasium. *Potchefstroom Gimnasium 1907-1982* (Feesuitgawe), p 130.

buitekurrikulêre musieksentrum gelê.[51] Ook hy het met 'n voortdurende gebrek aan voldoende akkommodasie te kampe gehad. Hy het hom besonderlik beywer vir nuwe aanbouings, wat eers na sy vertrek gerealiseer het.

A J Combrinck was 'n fyngekunstelde mens, 'n perfeksionis wat hoë eise aan elke onderwyser en leerling gestel het. Hy het op 'n beskeie manier voortgebou op die Christelik-nasionale fondasie van sy voorgangers. Gedurende sy hoofskap het die skool die rekord leerlingtal van 996 in 1972 bereik.[52] Hy het besonder baie aandag aan kultuur- en sportaktiwiteite gewy en mooi prestasies met sy gemotiveerde onderwysers en leerlinge behaal.

Aan die einde van 1972 het A J Combrinck sy dienstermyn van 6 jaar as hoof van Potchefstroom Gimnasium beëindig en van 1973 af was hy assistent-hoof by die TOD-biblioteekdiens. Hy het sy belangstelling en liefde vir Potchefstroom Gimnasium behou en dikwels by die skool besoek afgelê. Hy is op 2 Oktober 1981 oorlede.

### 6.2.5 A B J Kruger

Andries B J Kruger (plaat 6.9) is op 30 Oktober 1920 op Potchefstroom gebore. Hy is lidmaat van die Gereformeerde Kerk en het op Potchefstroom studeer. Hy het as student aan die Potchefstroomse Onderwyskollege sy graad aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en sy onderwysdiploma aan die eersgenoemde onderwysinrigting verwerf. Hy was 'n besonder toegewyde student.

---

51) *Ibid.*, p 134.
52) *Hoofstuk 4*, pp 156-157.

Dries Kruger het in 1945 op Witrivier aan die Hoërskool Rob Ferreira begin onderwys gee. Na 23 jaar op Witrivier het hy aan verskeie ander sekondêre skole onderwys gegee waarna hy hoof van die Hoërskool D F Malan, Johannesburg, geword het.[53)]

PLAAT 6.9 A B J KRUGER[54)]



Aan die begin van 1974 het hy die vierde permanente hoof van Potchefstroom Gimnasium geword. Tydens Dries Kruger se hoofskap het hy 'n gebalanseerde opvoedende onderwysprogram gevolg waarin hy besonder baie klem op die Christelik-nasionale gees en rigting van die skool gelê het.

Gedurende sy hoofskap het die aanbouings waarvoor sy voorgangers hul uitermate beywer het, plaasgevind. Die ontwrigting wat deur die aanbouprogram op die algemene skool- en opvoedende onderwysprogram veroorsaak is, het onmeetbare probleme vir hom veroorsaak. Hy het egter deur positiewe leiding die nodige dissipline gehandhaaf en die aka-

53) Potchefstroom Gimnasium. *Potchefstroom Gimnasium 1907-1982* (Feesuitgawe), p 135.
54) Potchefstroom Gimnasium. *Fac et Spera* 1977, p 13.

demiese prestasies van die leerlinge was besonder goed. In 1975 het vier matrikulante elk ses onderskeidings behaal en in 1977 het een met sewe en een met ses onderskeidings geslaag.[55]

In Junie 1978 het Dries Kruger na net meer as 4 jaar as hoof, die tuig neergelê en hom as boer in die Vrystaat gaan vestig.

6.2.6 L A Dreyer

Louwrens A Dreyer (plaat 6.10) is op 26 Februarie 1935 in die Rustenburgse distrik gebore. Hy is lidmaat van die Gereformeerde Kerk en het aan die Hoërskool Rodeon, Swartruggens gematrikuleer. Hy het as student van die Potchefstroomse Onderwyskollege sy graad aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en onderwysdiploma aan die eersgenoemde onderwysinrigting verwerf.


Hy het aan die Hoër Seunskool Helpmekaar, Johannesburg (1957-1960 en 1964-1975) en Hoërskool Kempton Park (1961-1963) onderwys gegee, waarna hy hoof van die Hoërskool Koster (1975-1978) geword het. Vanaf Januarie 1979 het Louw Dreyer die vyfde permanente hoof van Potchefstroom Gimnasium geword.

Hy het aan die Hoër Seunskool Helpmekaar ervaring opgedoen van 'n diep gewortelde Christelik-nasionale opvoedende onderwysprogram. Daarom kon en het hy van meet af aan die gevestigde tradisies en Christelik-nasionale gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium beklemtoon. Hy het die onderwysers en leerlinge gemotiveer om die eie identiteit van die skool uit te leef. Soos sy voorgangers, het

---

55) *Hoofstuk 4*, p 158.

PLAAT 6.10 L A DREYER



hy die onderwysers saamgesnoer tot 'n span wat klem op die praktiese uitlewing van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel geplaas het. Deelname aan kultuur- en sportaktiwiteite is bevorder en ten volle benut in die opvoedende en karaktervormende onderwys. Standerdvoogde het aan die ontwikkeling van elke leerling aandag gegee en die akademiese vordering en prestasies was steeds bogemiddeld. In 1979 het twee matrikulante elk ses onderskeidings en een met ses, geslaag, terwyl in 1981 een met sewe en een met ses onderskeidings die besondere prestasie herhaal het.


Besonder baie tyd en aandag is gegee aan die opknapping van die terrein, stigting van 'n oud-leerlingbond, opvoedkundige program in die koshuise en leiding aan die prefekte.

In Junie 1981 het Louw Dreyer na net meer as 2 jaar as hoof van Potchefstroom Gimnasium uit die onderwys getree met sy aanstelling as Direkteur van die Nasionale Verkeersveiligheidsraad.

6.2.7 A N Grobler

Abraham N Grobler (plaat 6.11) is op 25 Januarie 1932 in die Waterbergse distrik gebore. Hy is lidmaat van die Gereformeerde Kerk en het aan die Hoërskool Nylstroom gematrikuleer.

PLAAT 6.11 A N GROBLER[56)]



Hy het as student van die Potchefstroomse Onderwyskollege sy graad aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en onderwysdiploma aan die eersgenoemde onderwysinrigting verwerf.

56) Potchefstroom Gimnasium. *Potchefstroom Gimnasium 1907-1902* (Feesuitgawe), p 137.

Amie Grobler het vanaf 1954 onderwys aan die sekondêre skole te Naboomspruit, Balfour en Wolmaransstad gegee en in 1976 hoof van die Hoërskool Patriot, Witbank geword. Vanaf Januarie 1982 is hy die sesde permanente hoof van Potchefstroom Gimnasium. Hy is tans geleidelik besig om hom in die Christelik-nasionale gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium - die oudste Afrikaans-medium skool in Suid-Afrika - in te grawe en voort te bou op die tradisies van sy voorgangers.

## 6.3 'N AANTAL ONDERWYSERS VAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM WAT AAN DIE CHRISTELIK-NASIONALE GEES EN RIGTING VAN DIE SKOOL GEBOU HET

### 6.3.1 Inleiding

Die onderwyser is die sleutelfiguur in die opvoedende onderwyshandeling. Die interaksie in die klaskamer en die buite-kurrikulêre aktiwiteite tussen die onderwyser en die leerlinge, waartydens kennis opvoedend aan die leerlinge oorgedra word, verg toegewyde en goed opgeleide onderwysers. "Onderwyserwees vra mense wat bereid is om in 'n gees van vreugde te gee, wat oorloop van entoesiasme, wat innerlik sterk is, en wat oortuigde nasiebouers en kultuurdraers --- goeie vakkenners en waardige kennisoordraers is --- kortom --- ware meesters!"[57)]

Aan Potchefstroom Gimnasium was daar deur die jare heen toegewyde en goed opgeleide onderwysers verbonde vir wie die opvoedende onderwys 'n lewenstaak is - onderwysers wat met entoesiasme, vreugde en oorgawe die uitdaging van

---

57) Maree, H O Soos aangehaal deur Van Loggerenberg, N T Onderwyserwees. *In* Suid-Afrikaanse Onderwysraad. *SAOR Bulletin nr 11*, Junie 1982, p 5.

die Christelik-nasionale opvoedende onderwys aanvaar en uitgeleef het. Daarom dat Oud-Gimnasiaste getuig dat die vorming tydens hul skooljare aan Potchefstroom Gimnasium die werklikheid van die volwasse-wêreld so verstommend maklik aanvaarbaar maak. Potchefstroom Gimnasium het 'n groot aantal onderwysers wat medewerkers aan 'n Ewige Koninkryk en beeldbouers van 'n Afrikanervolk is - onderwysers wat as opvoedingsvenote "ware meesters" is.

### 6.3.2 Name van onderwysers wat vir 10 jaar en langer aan Potchefstroom Gimnasium verbonde was

In tabel 6.1 word die name van onderwysers (hoofde uitgesluit) wat vir 10 jaar en langer aan Potchefstroom Gimnasium verbonde was, vermeld. Die kriterium vir die keuse van die tydperk van 10 jaar is willekeurig.[58)]

TABEL 6.1 ONDERWYSERS WAT 10 JAAR EN LANGER AAN POTCHEFSTROOM GIMNASIUM VERBONDE WAS 1907-1982[59)]

| ONDERWYSERS | TYDPERK | AANTAL JARE |
|---|---|---|
| J V Coetzee | 1917-1951 | 35 |
| F L Scheepers | 1920-1950 | 31 |
| K Geertsema | 1924-1946 | 23 |
| J de Ruiter | 1924-1937 | 14 |
| P J Strydom | 1924-1955 | 32 |
| B C Schutte | 1938-1952 | 15 |
| P J du Plessis | 1938-1969 (1980) | 32 + 8[60)] |
| H J O'Neill | 1940-1956 | 17 |
| P W Bingle | 1945-1954 | 10 |
| A Lohann (mej) | 1945-1961 | 16 |

58) Met die keuse van 10 jaar as kriterium wil die skrywer geensins die indruk skep dat die onderwysers wat vir 'n korter tydperk aan die skool verbonde was, nie ook 'n bydrae gemaak het nie.

59) Potchefstroom Gimnasium. Gegewens verkry uit *Skooljoernaal I-III* en Skooljaarblaaie.

60) Dr P J du Plessis het einde 1969 as adjunk-hoof afgetree, maar daarna vir nog ongeveer 8 jaar in 'n tydelike hoedanigheid Wiskunde doseer.

TABEL 6.1 (vervolg)

| ONDERWYSERS | TYDPERK | AANTAL JARE |
|---|---|---|
| A G Coetsee | 1947-1964 | 18 |
| D J de Lang | 1947-1972 | 26 |
| F W G M Karberg | 1952- | |
| B D van der Westhuizen | 1956- | |
| J S M Henning | 1958-1972 | 15 |
| B Hart (mev) | 1965- | |
| N H Havenga | 1968- | |
| I Henning (mev) | 1969- | |
| J L Robbertse | 1969- | |

## 6.4 SAMEVATTING

Die stigterslede, hoofde en onderwysers wat aan Potchefstroom Gimnasium verbonde was, was ongetwyfeld almal oortuigde en vurige geïnspireerde voorstanders van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel. Die Voorbereidende Skool wat in 1907 gestig en die voorloper van Potchefstroom Gimnasium is, is as Gereformeerde Kerkskool gestig om te voldoen aan ʼn dringende behoefte vir opvoedende onderwys wat in ooreenstemming is met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel.

Die beweging in Nederland vir vrye Christelike skole gedurende die tweede helfte van die vorige eeu het ʼn invloed op die stigting van Potchefstroom Gimnasium gehad. Persone soos proff F Postma, J Lion-Cachet, J D du Toit en J Kamp wat in Nederland studeer het, het die grootste bydrae tot die stigting en ontwikkeling van die Voorbereidende Skool en Potchefstroom Gimnasium gemaak.

Die eerste twee hoofde, naamlik J J A Coetsee en W de K Kruger het gesamentlik vir meer as 57 jaar (1908-1965), op onbaatsugtige wyse en as "ware meesters" gebou aan

Potchefstroom Gimnasium en aan die Christelik-nasionale gees en rigting van die skool.

Die morele en materiële bydrae van die stigterslede, eerste twee hoofde en onderwysers tot die skool se behoud gedurende moeilike jare, is onberekenbaar.

In die volgende hoofstuk (laaste) word Potchefstroom Gimnasium as eksponent van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel geëvalueer aan die hand van die CNO-beginsels (kyk *hoofstuk 2*, pp 69-80).